basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## GESKIEDENIS

## MODEL 2012

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 10 bladsye.**

## VRAAG 1: WATTER FAKTORE HET BYGEDRA TOT DIE UITBREEK VAN DIE FRANSE REVOLUSIE IN 1789?

### BRON 1A

Hierdie uittreksel fokus op koning Louis XVI se regering van Frankryk. Hy het 'n lasbrief uitgereik vir enige iemand wat sy regering van 1775 tot 1792 teëgestaan het.

Mense was op daardie stadium nie tevrede met die feit dat Frankryk 'n absolute monargie was nie. Die koning het mag oor alles gehad; wat hy gesê het gedoen moes word, is gedoen wanneer hy dit gedoen wou hê. Baie het gesê dat koning Louis XVI sy mag misbruik het en dat hy 'n tiran was. Een ernstige saak wat die Franse kwaadgemaak het, was sy gebruik van 'verseëlde briewe', wat aan die Franse bekend was as 'lettres de cachet'. Hierdie briewe was briewe van teregstelling of tronkstraf. Die koning sou sy naam onderaan die papier teken en dit aan sy ministers stuur en hulle kon enige naam wat hulle wou, invul. Hierdie briewe het mense onveilig laat voel oor hulle lewens; selfs al het hulle niks verkeerd gedoen nie, het hulle altyd gevrees dat 'n minister nie met hulle oor die weg sou kom nie en dan kon hulle 'n brief ontvang. Gedurende koning Louis XVI se heerskappy is ongeveer 14 000 van hierdie briewe onder sy mense uitgereik. Mense was kwaad dat die koning algehele mag oor hulle en hulle families gehad het, maar hulle was ook kwaad oor die wette wat die regering uitgevaardig het. Belasting is opgelê volgens sosiale stand, en voorregte soos stemreg en selfs vryheid van spraak het afgehang van iemand se status. Oor die algemeen was die Franse ongelukkig oor hul hele politieke stelsel.

[Vertaal uit: *http://*www.internationalschooltoulouse.net/y9/student_work/rachelle.htm]

### BRON 1B

Hierdie tabel toon die Franse monargie se inkomste en uitgawes gedurende 1786, vier jaar voor die Franse Revolusie.

| | |
|---|---|
| **INKOMSTE** | |
| Koninklike grond en woude | 51,2 miljoen livres* |
| Donasies | 20,6 miljoen livres |
| Direkte belasting | 163 miljoen livres |
| Indirekte belasting | 219 miljoen livres |
| Koninklike monopolieë | 17,5 miljoen livres |
| | **TOTAAL: 471,3 MILJOEN LIVRES** |
| **UITGAWES** | |
| Koninklike huishouding | 42 miljoen livres |
| Buitelandse sake | 14,4 miljoen livres |
| Weermag | 107 miljoen livres |
| Vloot | 51,8 miljoen livres |
| Openbare werke | 14,9 miljoen livres |
| Welsyn | 19 miljoen livres |
| Salarisse en pensioene | 47,8 miljoen livres |
| Rentebetalings op skuld | 261 miljoen livres |
| Koste en uitgawes | 65,4 miljoen livres |
| Ander | 9,6 miljoen livres |
| | **TOTAAL: 622,9 MILJOEN LIVRES** |

*livres – Franse geldeenheid

[Vertaal uit*: The French Revolution* deur P Mantin]

**BRON 1C**

Hierdie uittreksel fokus op die ondervinding van 'n Franse vrou uit die boerestand in 1789. Dit beklemtoon haar familie se lyding weens die betaal van belasting aan die landhere.


Terwyl ek 'n lang opdraand opgestap het om my perd te laat rus, het ek 'n arm vrou teëgekom wat gekla het oor die tye en dat dit 'n treurige land was. Sy het gesê dat haar man maar 'n klein stukkie grond, een koei en 'n swak perdjie gehad het, en tog moes hulle omtrent 20 kg koring en drie hoenders as feodale gelde aan een heer betaal en omtrent 75 kg hawermout, een hoender en een frank aan 'n ander een, ten spyte van swaar *tailles* en ander belasting. Sy het sewe kinders gehad en die koei se melk het gehelp om sop te maak … Daar word deesdae gesê dat iets deur belangrike mense vir sulke armes gedoen gaan word, sy weet net nie wie of hoe nie, maar mag God vir ons beter stuur, het sy gesê, want die *tailles* en die feodale gelde vernietig ons.

Hierdie vrou kon, van naby gesien, aangesien word as sestig of sewentig, haar liggaam was so krom en haar gesig so geplooi en verhard deur werk, maar sy het gesê dat sy slegs agt en twintig was.

[Vertaal uit: *Travels in France during the Years 1787, 1788, and 1789* deur Arthur Young]

**BRON 1D**

Hierdie spotprent toon 'n kleinboer wat al die laste (gewig) van die monargie op sy skouers dra. Die adellikes, aan die linkerkant van die spotprent, vergroot die laste. Die priester aan die regterkant van die spotprent, wat die godsdiensleiers voorstel, is onwillig om die kleinboer met sy laste by te staan.




[Geneem uit: *Tydkringe 8* deur H Lintvelt et al]

**VERTALING VAN DIE WOORDE OM DIE SPOTPRENT:**

Verduideliking van die uitbeelding – Die derde stand dra die hele gewig van die monargie, die adellike druk daarop om die gewig te vermeerder en die priester lyk of hy hom skaars met sy een vinger help.

## VRAAG 2: WATTER ROL HET KONING SHAKA IN DIE STIGTING VAN DIE ZULU-KONINKRYK GESPEEL?

### BRON 2A

Hierdie bron fokus op een van die redes vir die Mfecane (Difaqane). Dit gee 'n tradisionele siening van koning Shaka as die leier van die Zulus.

In die negentiende eeu het 'n jong Zulu-krygsman, Shaka, begin om sy oom Dingiswayo se Mthethwa-hoofmanskap te konsolideer en 'n formidabele weermag te bou, waarmee hy teen die vyandige Ndwandwe-groep geveg en hulle vernietig het. Hy het na die dood van sy vader, Senzangkhona, die heerskappy van die AmaZulu-groep oorgeneem en die drie hoofmanskappe in een groep saamgevoeg wat later die Zulu-koninkryk genoem is …

Daar is baie stories oor sy wreedheid en tirannie [diktatorskap]. Byvoorbeeld, na sy moeder Nandi se dood het hy baie van sy eie mense vermoor as 'n teken van rou – alhoewel geskiedkundiges tog redeneer dat dit 'n manier was om van sy politieke opponente ontslae te raak eerder as 'n teken van hartseer.

Shaka se weermag, wat gegroei het tot 40 000 man, het 'n veldtog begin om ander onafhanklike hoofmanskappe in die omgewing te inkorporeer en hul graan en vee geplunder so ver hulle gaan. Baie is oorwin, sommige in bloedlose veldtogte, maar ander het hulle invallers beveg. Waar hulle verloor het, het sommige – soos Mzilakazi se mense – besluit om eerder te vlug as om deur die AmaZulu oorwin te word. Hulle het noordwaarts oor die Limpoporivier gevlug en hulle in wat vandag as suidwestelike Zimbabwe bekend staan, gevestig. Hulle het bekend geword as die AmaNdebele. Dit is die Mfecane genoem.

[Vertaal uit: *History Grade Ten* deur E Maloka et al.]

### BRON 2B

Die volgende verslag is D Wylie se siening van koning Shaka.

Daar is 'n paar dinge wat ons met gemak kan sê Shaka nie was nie. Hy was nie 'n patologiese [onbeheerste] massamoordenaar nie. Hy het nie groot getalle lafaarde doodgemaak nie; hy het nie die grootskaalse doodmaak van vroue, kinders en honde beveel nie; hy het nie mense van die kranse by Shaka's Rock of elders afgegooi nie; hy het nie die Langeni of enige ander groep uitgewis nie. Hy het nie sy eie ma doodgemaak nie. Ek probeer Shaka nie onskuldig laat lyk nie. Selfs nie sy bewonderaars het gesê dat hy warm en liefdevol was nie. Hy sou nie die streeksleier kon word wat hy was as hy nie so onbuigbaar taai, slinks en vaardig was nie. Soos met regerings orals is sy wette soms met wrede en fatale metodes afgedwing. (In dieselfde tyd kon 'n man in Engeland by Newgate gehang word vir die diefstal van een brood.) Hy het mense tereggestel. Dit is van hom verwag ...

Tog is daar min bewyse dat sy optrede die tradisionele wette heeltemal verontagsaam het. Dit lyk eerder asof die meeste moorde wat die wittes gesien het (in teenstelling met die slagtings wat hulle meen daar was, maar nie gesien het nie) gedoen is om tradisioneel goedgekeurde politieke of regterlike redes.

[Vertaal uit: *Shaka, A Jacana Pocket Biography Sunnyside deur* D Wylie]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 2C**

Hierdie uittreksel fokus op die gevolge van die Mfecane.

Die Mfecane, soos dit bekend geword het, het die noordelike Nguni-bevolking van Natal beide verenig en verdeel. Aan die een kant was dit verantwoordelik vir die insluiting van stamgroep na stamgroep by die jong Zulu-staat. Aan die ander kant het dit duisende wat geweier het om hulle te onderwerp, op 'n desperate vlug na ander dele van Suidelike Afrika gestuur.

Shaka se nuwe koninkryk is gebou op streng dissipline wat duisende uit diverse gemeenskappe onder die sentrale gesag van die koning verenig het. Alhoewel hy soos 'n despoot regeer het, het 'n binnekring van hoofde hom geadviseer oor sake van nasionale belang en het hulle gedien as 'n teenvoeter teen die moontlike misbruik van mag. 'n Tweede vlak, die indoenas [onderhoofde] het verseker dat die bevele van die koning en sy 'kabinet' uitgevoer is. Hulle het ook gehelp met sake soos die toekenning van grond, die oplos van kleiner dispute en die verspreiding van vee … Niemand het eiendom in Shaka se Zululand besit nie. Grond het aan almal behoort en was daar om gebruik te word tot die gesamentlike voordeel van almal ...

[Vertaal uit: *Reader's Digest Illustrated History of South Africa*, Cape Town]

## VRAAG 3: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE NATURELLE GROND WET VAN 1913 OP SWART SUID-AFRIKANERS?

### BRON 3A

Hierdie bron lewer kommentaar op die impak van die Naturelle Grond Wet van 1913 op swart Suid-Afrikaners.

Die eerste groot toets vir die nuwe organisasie (Die Suid-Afrikaanse Naturelle Nasionale Kongres, gestig in 1912) het hom gou voorgedoen. Deur op vroeëre idees van segregasie te bou … het die Unie-regering 'n beleid van territoriale segregasie aanvaar en grond eenkant gehou vir die eksklusiewe gebruik van blankes en swartes (laasgenoemde is ingeperk tot minder as tien persent van die land) – deur die Naturelle Grond Wet (1913). Duisende familielede van pagters is weggejaag van blankes se grond af, na 'geskeduleerde areas' of na dorpe. In sy beroemde woorde het Solomon Plaatjie, een van die stigters van die ANC, gesê: 'Toe die Suid-Afrikaanse naturel op Vrydagoggend, 20 Junie 1913 wakker geword het, het hy hom, nie werklik as 'n slaaf nie, maar as 'n uitgeworpene in die land van sy geboorte bevind.'

[Vertaal uit: *Nelson Mandela and the rise of the ANC* deur J Schadeberg]

### BRON 3B

Hierdie bron verduidelik die impak van die implementering van die Naturelle Grond Wet van 1913 op Maria. Die storie was die gevolg van verskeie onderhoude wat deur Sol Plaatje gevoer is nadat die Naturelle Grond Wet van 1913 ingestel is.

Tussen die plakkers op dieselfde plaas as Kgabale was 'n weduwee genaamd Maria. Haar man het, terwyl hy nog geleef het, as huurder op die plaas gewoon en aandele ingeploeg tot en met sy dood. Na sy dood het Maria die kontrak behou en 'n goeie lewe gelei. Haar seun en dogter, onderskeidelik veertien en sestien jaar oud, het beurte gemaak om vee op te pas en hulle ma op ander maniere bygestaan.

… vir Maria, wat 'n weduwee was, en haar seun nog minderjarig, sou 'n mens hoop dat die landheer redelike terme sou voorstel; maar in plaas daarvan was sy voorstel dat sy ontslae raak van haar kleinvee en haar kinders aan hom verhuur as kontrakarbeiders. Maria het dit moeilik gevind om aan die landheer se versoek te voldoen. … die landheer het toe, so sê hulle, Maria se strooidakhuis aan die brand gesteek, … en Maria, met haar beddegoed op haar kop, en op die koppe van haar seun en dogter, terwyl sy haar drie-jaar-oue seun op haar rug dra, het van die plaas af geloop, terwyl sy haar beeste voor haar aanjaag. Om afskeid te neem van ... hul ou huis in ruil vir 'n leë en onbekende een, het die kinders bitterlik laat huil.

[Vertaal uit: *Native Life in South Africa* deur Sol T Plaatje]

**BRON 3C**

Hierdie bron is 'n uittreksel oor 'n plaasboer, mnr. V. Sy regte naam is nie bekendgemaak nie, want hy sou vervolg word deur die owerhede. Hy het sy werkers ingelig oor sy besluit om die implementering van 1913 se Naturelle Grond Wet op sy plaas te ignoreer.

Mnr. V, die plaasboer, het op 'n wa geklim … en begin om die skare swartes wat om die wa vergader het, toe te spreek … .

'Aandag! Luister,' het hy gesê. 'Julle sal onthou dat ek verlede maand hier was en die nuwe wet aan julle verduidelik het. Wel, ek verstaan dat die verduideliking groot onrus onder die naturelle in die hutte op my plaas veroorsaak het. Persoonlik is ek baie jammer dat dit so ver moes gaan, maar laat ek vir julle vertel, julle Nooi, my vrou, sê dat dit nie reg is om die terme waaronder ons in die verlede gewoon het, te verander nie. Ek stem met haar saam dat dit onregverdig is en dat die liewe Here, wat ons altyd geseën het, sy aangesig van ons sal wegdraai as mense ontwrig word en weggestuur word van die plaas af op 'n ontevrede wyse.' (Harde en aanhoudende applous … .)

'Die Nooi … sê ons moet nie die wet gehoorsaam nie: sy sê selfs dat as dit sou lei tot fisiese uitsetting, of as hulle my tronk toe vat, sal sy bereid wees om self Pretoria toe te gaan en Generaal Botha te spreek.' (Meer toejuiging, waaronder naturelle verdaag het om hulle mielies met groot tevredenheid weg te ry.)

[Vertaal uit: *Native Life in South Africa* deur Sol T Plaatje]

**BRON 3D**

Hierdie foto wys die afvaardiging wat na Brittanje gestuur is in 1914 deur die Suid-Afrikaanse Naturelle Nasionale Kongres (SANNC). Die plan van die afvaardiging was om hulle ontevredenheid oor die Naturelle Grond Wet van 1913 te lug.



'n Afvaardiging van lede van die nuutgestigte SANNC wat na Brittanje gestuur is in 1914. In die voorste ry (sittende van links na regs): Thomas Mtobi Mapikela, John Langalibalele Dube (eerste president), Solomon Tshekisho Plaatje (eerste sekretaris-generaal). Staande van links na regs is: Walter Benson Rubusana en Saul Msane.

[Vertaal uit: *Turning Points in History, Book 4, Industrialization, Rural Change and Nationalism*]

## ERKENNINGS

Visuele en ander historiese bewyse is uit die volgende bronne geneem en vertaal:

1. Du Toit F. Ed. 2004. *Turning Points in History, Book 4, Industrialisation, Rural Change and Nationalism* (STE Publishers Pty Ltd)
2. http://www.internationalschooltoulouse.net/y9/student_work/rachelle.htm
3. Lintvelt H et al. 1985. *Timelines 8* (Maskew Miller Longman, Cape Town)
4. Maloka E et al. 2004. *History Grade Ten* (Nasou/Via Africa)
5. Mantin P. 2002. *The French Revolution* (Heinemann Educational Publishers, Oxford)
6. Plaatje ST. 1998. *Native Life in South Africa* (Gutenberg)
7. *Reader's Digest Illustrated History of South Africa.* 1995. (Reader's Digest, Cape Town)
8. Schadeberg J. 1990. *Nelson Mandela and the rise of the ANC* (Jonathan Ball)
9. Wylie D. 2011. *Shaka, A Jacana Pocket Biography* (Ultra Litho Pty Ltd)
10. Young A. 1906. Robinson JH. Ed. *Travels in France during the Years 1787, 1788, and 1789* (Ginn, Boston)

Kopiereg voorbehou